7. **MEDEBEPALENDE FAKTORE VIR 'N STELSEL VAN VOORTGESETTE ONDERWYS[1]**

Dr. J.B. Espach
Direkteur: Buro vir Voortgesette Onderwys, PU vir CHO

ABSTRACT

**The term** *continuing education* **is an old concept but only began to enjoy the pertinent attention of educationists in 1972. In this year the influential report of UNESCO,** *Learning to be*, **was released, and stress was laid on the fact that education is in fact not limited to formal educational institutions, but that it is an ongoing concern. It was also realised from early on that initial training for a profession is not a guarantee that the practitioner will be able to comply with the demands of the profession "for all time", in an era of accelerating technical and scientific discoveries. In order to keep up with the newer developments in all fields it has become essential that the practitioner of a profession should from time to time be retrained or experience some in-service training. It is also at present true that institutions within the formal educational system cannot by themselves comply with the demands for schooled labour, and that non-formal education has an increasingly important role to play.**

1. TER ORIëNTERING

[1] Die artikel is gebaseer op 'n D.Ed.-proefskrif van die skrywer, getitel: Die taak van die universiteit in die voorsiening van voortgesette onderwys.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in die artikel uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.



Koers 51(4)
ISSN 0023-270X

Voortgesette onderwys is 'n belangrike nuwe perspektief op die gebied van opvoeding en onderwys van die afgelope dekades. Dit is so dat in die meeste oorsese lande sedert die middel vyftigerjare van hierdie eeu in toenemende mate aandag aan "onderwys-deur-die-hele-lewe-heen" geskenk is. Verskeie skrywers konstateer dat voortgesette onderwys, onder meer in die VSA, dié onderwysperspektief met die grootste moontlikhede is sedert die instelling van gratis openbare onderwys. Trouens, " ... its possibilities are almost beyond comprehension" (Kempfer, 1955:3).

Die ongekende ontwikkeling en verandering wat die moderne wêreld op sosiale, ekonomiese, politieke, wetenskaplike en tegnologiese gebied ervaar, vereis die bemeestering van nuwe kennis en vaardighede. Dit is essensieel die taak van die onderwys om die opdoen van kennis meer gekonsentreerd en teen 'n snelle tempo te laat plaasvind. Maar, belangriker nog, is die feit dat kennis oor die leeftyd van die individu heen oorgedra moet word (Kempfer, 1955:9).

Ook in die RSA het die beginsel van die voortsetting van onderwys en opleiding na afloop van die formele sekondêre en tersiêre onderwys in toenemende mate die aandag van die owerheid, die private sektor en inrigtings vir tersiêre onderwys geniet (kyk onder meer ook RGN-verslag, 1981:95).

Die eise wat 'n veranderende samelewing aan die totale onderwysvoorsiening stel, verstedeliking en tegnologiese ontwikkelinge, die maksimale ontwikkeling van die mens deur middel van voortgesette onderwys en die nuwe dimensie wat op onderwys buite die formele stelsel van onderwysvoorsiening geplaas word, word vervolgens as medebepalende faktore vir 'n stelsel van voortgesette onderwys in oënskou geneem.

## 2. DIE EISE WAT 'N VERANDERENDE SAMELEWING AAN DIE ONDERWYS STEL

Voortgesette onderwys, dit wil sê nie-formele onderwys, in aanvulling tot formele onderwys, het noodsaaklik geword omdat die voortdurende

veranderende samelewing telkens nuwe probleme bied wat opgelos moet word indien die samelewing en voortgang en groei verseker wil word. Sistematiese voortgesette onderwys word noodsaaklik wanneer die aard van die samelewingsveranderings van die individu vereis om vinnig by die veranderings aan te pas.

Onderwys in die formele stelsel wat eens as voldoende beskou is om onkunde in die latere lewe van die individu uit te skakel, word tans as onvoldoende geag om die mens deur die lewe heen met kennis, kundighede en vaardighede toe te rus. Voortdurende onderwys en opleiding is om onder meer die volgende redes nie slegs verkieslik nie, maar inderdaad noodsaaklik:

- die vinnige verwagting van kennis wat deur formele onderwys verwerf is;

- nuwe kennis en vaardighede op haas alle vakgebiede;

- die verskuiwing van nasionale prioriteite, byvoorbeeld 'n snelgroeiende ekonomie;

- die toename in en kompleksiteit van maatskaplike disfunksies en die direkte toepassing van kennis (Hesburgh et al., 1973:3).

In aansluiting hierby is dit 'n aksioma dat maatskaplike probleme só kompleks is en só snel ontwikkel dat nuwe "vorme" van onderwys voortdurend noodsaaklik is. Formele onderwys bied hoegenaamd nie meer voldoende en "ewigdurende" opleiding nie, en gevolglik moet daar onderwys "regdeur die lewe" wees (Skager en Dave, 1977:4; kyk ook Bell, 1984:2-3 en Cropley, 1980: 2-3). (Uiteraard is die spreekwoord "Die mens word nooit te oud om te leer nie", in dié konteks relevant) (JBE).

Hier moet ook vermeld word dat onderwys nie as instrument tot sosiale verandering misbruik moet word nie. Onderwys is trouens glad nie primêr 'n instrument tot sosiale verandering nie (RGN, 1981:26).

## 3. VERSTEDELIKING EN TEGNOLOGIESE ONTWIKKELING

Toenemende verstedeliking en voortdurende spesialisasie in 'n ontwikkelende tegnologie het tot groter afhanklikheid van mense van mekaar gelei. In 'n sekere opsig kan die moderne mens nie meer in dieselfde mate in sy fisiese behoeftes voorsien as wat met sy voorsate die geval was nie. Die vermoë om in harmonie met mekaar te kan saamwerk en -leef is vir die voorsiening van die meeste behoeftes van die mens toenemend noodsaaklik. Hiertoe kan onder meer voortgesette onderwys 'n positiewe bydrae lewer (Kempfer, 1955:11). Voorts, om die gaping tussen die omvangryke tegnologiese vooruitgang en die samelewingstrukture wat die ontwikkeling moet verwerk en hanteer, te vernou, is beide voortgesette onderwys en navorsing in tussen-menslike verhoudings noodsaaklik (Kempfer, 1955:12).

Menige mens soek na geleenthede om sy kennis te vermeerder, 'n beter begrip van die veranderende gemeenskap te verkry en om nuwe kennis te verwerf ten einde in staat te wees om met die snelle tegnologiese veranderings te kan tred hou. Nuwere tegnieke lei daartoe dat daar by beroeps- en professiebeoefenaars 'n behoefte aan voortgesette of indiensopleiding bestaan ten einde vir opgradering te kan kwalifiseer (vgl. Garbarino, 1984:5 en Boyle, 1981:3).

## 4. 'N STELSEL VAN VOORTGESETTE ONDERWYS VERSEKER MAKSIMALE ONTWIKKELING VAN DIE MENS

Dit blyk nou al uit die voorafgaande paragrawe dat die plek, taak en noodsaak van voortgesette onderwys daarin geleë is dat dit:

- die mens se eie maksimale persoonlike ontwikkeling kan verseker;
- die mens kan help om die produkte en die prosesse van die wetenskap en tegnologie tot die maksimum vir sy eie voordeel te benut;
- kan lei dat die mens homself doeltreffender " ... in all areas of human relationship ..." kan handhaaf (Kempfer, 1955:15).

Dat onderwys die ontwikkeling van die volle potensiaal van selfs die volwassene as taak het, en derhalwe 'n gebeure is wat regdeur die lewe verloop, word ook deur Faure (1972:143) gestel. "Education from now on can no longer be defined in relation to a fixed content which has to be assimilated, but must be conceived of as a process in the human being Faure sê voorts (1972:163) dat met 'n "lerende gemeenskap" (eie vertaling - JBE) geïmpliseer word dat elke landsburger die middele van leer, onderrig, opleiding en kultivering (van homself) vrylik tot sy beskikking behoort te hê.

Die behoefte aan voortgesette onderwys spruit voort uit die hedendaagse hoë beroepskundige, ekonomiese, maatskaplike en sosio-ekonomiese eise wat nie slegs aan die gemeenskap nie, maar veral ook aan die individu gestel word (vgl. Knowles, 1973:35). Waar die belange van die individu in die verlede dikwels in die breër gemeenskaps- en volksverband gesien is, word tans aan sy belange as persoon, veral vanweë humanistiese oorwegings, die hoogste prioriteit verleen. Die vertrekpunt van voortgesette onderwys is die skepping van 'n nuwe gesindheid ten opsigte van persoonlike ontwikkeling op alle vlakke en die beskikbaarstelling van toepaslike en doeltreffende onderwysdienste op alle stadia in die normale lewensloop. Die ideaal van 'n ryker persoonlike lewensvervulling word in die vooruitsig gestel (Van Wyk, 1977:4).

## 5. 'N NUWE DIMENSIE OP ONDERWYS BUITE DIE FORMELE STELSEL VAN ONDERWYSVOORSIENING

Die begrip onderwys en skole is dermate met onvolwassenes geassosieer dat die begrip volwasse onderwys homself vir die algemene publiek en selfs vir vele professionele opvoeders ietwat vreemd aandoen.

Die begrip onderwys, en soos dit in die omgang vertolk word, ondergaan tans universeel 'n fundamentele betekenisverandering. Hierdie nuwer, ander, meer resente en omvangryker vertolking van onderwys word sterk weerspieël in die 1972-verslag van UNESCO (Faure, 1972:69), naamlik dat die taak van die onderwys te lank bloot as die voorbereiding van jeugdiges vir stereotipe funksies geag is. Die formele onderwys het konvensionele kennis in " ... timehonored categories ..." behels (Faure, 1972:69). Hierdie tradisionele opvatting van onderwys is heeltemal te

eng, en is besig om plek te maak vir 'n nuwe, wyer, breër en meer omvattende begrip, naamlik dat onderwys 'n lewenslange gebeure, met 'n lewenskurrikulum, behoort te wees.

Benewens skole, kolleges en universiteite is verskeie instansies implisiet by onderwys betrokke. Die gesin, kerk, werksituasie, massamedia, biblioteek, om maar enkele te meld, lewer eiesoortige onderwysinsette aan sowel jeugdiges as volwassenes. Dit kan verder gestel word dat elke instansie in 'n besondere sin sy eie kurrikulum het. Gevolglik is dit nodig om, indien onderwys in sy voile konteks begryp moet word, in ag te neem dat al hierdie instellings en interaksies tot die groei en ontwikkeling van die mens reg deur sy lewe, 'n bydrae behoort te lewer (vgl. onder meer Crewin, 1976:27).

Kontemporêre formele onderwysstelsels openbaar 'n besondere leemte deurdat hulle nie voldoende in die behoeftes van die grootste enkele segment van die bevolking, naamlik die volwassene, voorsien nie. In teenstelling met kinders wat eers op 'n latere stadium, wanneer hulle self volwassenes is, met veranderende lewensomstandighede gekonfronteer word, staan volwassenes reeds midde in dié lewensomstandighede. Daar bestaan geen twyfel dat die formele onderwys ten doel moet hê om leerlinge vir toekomstige verantwoordelike lewensomstandighede voor te berei en toe te rus nie. Die tien, twaalf of vyftien jaar van formele onderwys is nie voldoende om 'n persoon vir die res van sy lewe toe te rus nie. Hier lê 'n duidelike opgaaf vir voortgesette onderwys - om die aanvanklike onderwys voort te sit (Dave, 1976:189).

Die verantwoordelikheid vir tegniese opleiding behoort ook nie uitsluitlik binne die stelsel van formele onderwysvoorsiening te ressorteer nie. Hierdie opleiding behoort gesamentlik deur skole, die handel, industrieë en ander buite-skoolse onderwysinstansies behartig te word (Faure, 1972;109; vgl. ook Parrott en Flude, 1983:117-121).

'n Stelsel van voortgesette onderwys, dit wil sê nie-formele onderwys, naas die stelsel van formele onderwysvoorsiening, sal die vraag na formele onderwys verminder. Dit kan die totale besteding aan onderwys gunstig beïnvloed. Persone mag verkies om dieselfde peil van onderwys teen 'n laer koste te bekom, onder meer deur indiensopleiding en die sogenaamde

"sandwich courses" waar studie met praktiese ervaring afgewissel word (Cross, 1981:81).

## 6. TEN SLOTTE

Die beginsel van voortgesette onderwys het gedurende die afgelope twee dekades in toenemende mate aandag begin geniet. Ofskoon die beginsel van voortgesette onderwys in werklikheid 'n eeue-oue beginsel is, is die nuwe klem daarop en die breër aanvaarding daarvan hoofsaaklik gebaseer op die veronderstelling dat dit 'n oplossing kan bied vir nuwe onderwysbehoeftes van die hede en dié van die voorsienbare toekoms.

Voortgesette onderwys is 'n kreatiewe gebeure wat deur die hele lewe van die mens voortduur. Daarom word dit soms ook "lewenslange onderwys" genoem. Voortgesette onderwys is nie-formele onderwys waarby hoofsaaklik volwassenes om 'n verskeidenheid van redes of behoeftes betrokke is.

Voortgesette onderwys het wesenlik ten doel om die aanvanklike onderwys (en opleiding) van 'n persoon op 'n latere stadium weer voort te sit.

Voortgesette onderwys geniet wêreldwyd aandag. Daarvan getuig verskeie oorsese en resente plaaslike ondersoeke, verslae en besluite. Voorts geniet die hele aangeleentheid van nie-formele onderwys en die integrering daarvan in die formele stelsel van onderwysvoorsiening omvattende aandag van onderwysbeplanners.

## BIBLIOGRAFIE

BOYLE, P.G. 1981. Planning better programs. New York : McGraw-Hill.

CREWIN, L. 1976. Public Education. New York : Basic Books.

CORPLEY, A.J., (ed.). 1980. Towards a system of lifelong education. Exeter, U.K. : Wheaton.

CROSS, K.P. 1981. Adults as learners. San Francisco : Jossey-Bass.

FAURE, E., (ed.). 1972. Learning to be. Paris : UNESCO.

GARBARINO, J.E. 1984. Full Service Concept links : Adult Education to Business, Industry and Social Services. Lifelong Learning, 7(4):4-6, 6, 27, January.

HESBURGH, T.M., MILLER, P.A. & WHARTON, C.R. 1973. Patterns for lifelong learning. California :Jossey-Bass.

KEMPFER, H. 1955. Adult Education. New York : McGraw-Hill.

KNOWLES, M.S. 1973. The adult learner: a neglected species. Houston, Texas : Gulf.

PARROTT, A. & FLUDE, R. 1983. A curriculum fit for adults? Adult Education. 56(2):117-121, September.

RGN. 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria : Staatsdrukker.

VAN WYK, J.T. 1977. Openingsrede van die vyftiende kongres van SAVBO (In Voortdurende Onderwys. Publikasiereeks van SAVBO, nr. 11. Bloemfontein. p. 1-12.)